NAAM VAN SKOOL:

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL
VRAESTEL 2 – NASIENRIGLYNE
VOORBEREIDENDE EKSAMEN
SEPTEMBER 2018

PUNTE: 80

TYD: 2½ UUR

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 25 bladsye.

RIGLYNE VIR NASIENERS

As ’n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidaat mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

As ’n kandidaat in Afdeling A al die vrae oor die gedigte beantwoord het, word dei eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

As ’n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As ’n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B EN C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord reg. word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

Opstelvrae:
As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete. Die nasienriglyne is slegs ’n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

Kontekstuele vrae:
As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.

AFDELING A: GEDIGTE

VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

"Twee kleuters in die Vondelpark" – Elisabeth Eybers

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Vir die nasien van Vraag 1 is dit belangrik dat die kandidaat telkens na progressie moet verwys en dit met voorbeelde uit die gedig staaf alvorens die opstel as UITSONDERLIK beskou kan word.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- Reeds in die titel van die gedig word progressie in die vooruitsig gestel deur die verwysing na **kleuters**, wat ontwikkeling en groei in die vooruitsig stel, aangesien die kleuters algaande tot volwassenheid/volwassenes sal ontwikkel.
- Alhoewel daar in versreël 2 na **oneindigheid** verwys word wat op eindeloosheid dui, is die oneindigheid **klein** – die oksimoron stel dus ook ontwikkeling, groei en vooruitgang in die vooruitsig, aangesien die oneindige **bly staan** in versreël 1 nie sal voortduur nie.
- Anders as die normale verloop van sake, blyk dit hier dat die ontwikkeling ten opsigte van die seuntjie vinniger as dié van die dogtertjie plaasvind – dit is immers hý wat aan haar pluk vir **verdergaan** en haar **sleep tot ewewig**, terwyl sy **strompelend omkyk.**
- Die **bly staan** in versreël 1 word opgehef deur versreël 10 met **verdergaan** en **sleep ... tot ewewig** wat op vooruitgang en psigiese ontwikkeling dui.
- Die geslote ruimte van die **Vondelpark** in die titel word in versreël 12 opgehef met die verwysing na **straatrumoer** wat 'n groter wêreld impliseer waarin die kleuters uiteindelik opgeneem sal word – progressie ten opsigte van die milieu word in die vooruitsig gestel en beklemtoon met die alleenplasing van versreël 12 – dit immers die onvermydelike verloop van sake.
- In versreël 13 en 14 word die ontwikkelingsfase van kleuter tot volwassene aangedui met behulp van sinekdogee – die **skopfiets**, **trapfiets**, **bromfiets** en **motor** stel die verskillende groei- en ontwikkelingsfases van die seun in die vooruitsig – kleuter, jong seun, en tiener, totdat hy uiteindelik as volwassene deel vorm van die **kollektiewe Lilliput** in versreël 16.

- In versreël 20 word die ontwikkeling wat in die titel in die vooruitsig gestel is, duidelik bevestig met die verwysing na **weerloos wordend** en **oor dertig jaar**, met die moontlikhede van progressie vanaf die kleuterstadium tot **saaklike barbaar**, **fyn sadis** of **doktrinêre Hollandse meneer**.
- Alhoewel die grootste klem op die progressie van die seuntjie val, word die ontwikkeling van die dogtertjie in versreël 23 aangedui met die groei van kleuter tot **druk slagvaardige mevrou**.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

10

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG		
"Reaksie" – Vernon February		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
2.1	Eerstepersoonspreker/ek-spreker✓ Die spreker kan sy persoonlike gewaarwordinge/ervaring/gevoel die beste weergee.✓	(2)
2.2	"hul kring"✓ Die spreker kan hom nie vereenselwig met die persone wat hul kultuur verraai nie. / Hy kan hom nie vereenselwig met persone wat tot bekering gekom het en as gevolg daarvan liefdeloos, veroordelend en vals optree nie.✓	(2)
2.3	Hy is oordrewe ernstig na die bekering. / Dit lyk asof hy geen plesier meer ervaar nie. / Hy steek sy ware gevoelens agter 'n ernstige gesig weg. / Dit wil voorkom asof hy hom van almal buit "hul kring" distansieer. / Skynheiligheid. / Hy is 'n tweegesig. / Hy is oordrewe vroom.✓	(1)
2.4	Omroeper / radio-omroeper/radiopersoonlikheid/iemand wat uitsaai.✓	(1)
2.5	Die Christenskap verkondig regverdigheid, liefde en liefdadigheid, maar dit word nie in die praktyk/werklike lewe toegepas nie.✓ (Beide kante van die saak moet genoem word) Volgens versreël 14 is die spreker slegs aan die ontvangkant van haat en vernedering in plaas van die liefde✓	(2)
2.6	Ja. Die wêreld word gekenmerk deur liefdeloosheid, haat, geweld, onderdrukking in plaas van vrede en omgee vir mekaar. / Dit is 'n universele verskynsel dat mense dikwels nie toepas wat hulle verkondig nie.✓ *Nee* kan nie as antwoord aangebied word nie.	(1)
2.7	Wat jy teoreties verkondig, moet jy in die praktyk toepas./ Moenie dat jou woorde en jou dade mekaar weerspreek nie. / Moenie skynheilig wees nie.✓ *Kandidate bied enige soortgelyke boodskap aan.*	(1)

		[10]
VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG		
"Die sagte sprong" – Sheila Cussons		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
3.1	"lig soos 'n veer"✓ vergelyking✓	(2)
3.2	"potent"✓	(1)
3.3	In reël 2 is die aard van die aanraking beperk tot die intellektuele, die verstand, terwyl dit in reël 8 verdiep tot 'n geestelike ervaring – die hele menswees/bestaan word betrek/die gevoeligste van die menswees word betrek. / Die ervaring verdiep vanaf die verstandelike of intellektuele tot die totale mens/lewe. ✓ *Die progressie moet duidelik uit die antwoord blyk.*	(1)
3.4	Ja. Die "vasvat" van God kan nie spesifiek gedefinieer word nie – dit is onseker wat dit presies behels. Daar is onsekerheid oor die aard van die "vasvat" van God. ? Die "vasvat" van God kan nie in spesifieke woorde beskryf word nie. ✓ Die retoriese vraag/vrae✓	(2)
3.5	Vreugde✓ Die woord "vreugde" word in versreël 10 herhaal.✓	(2)
3.6	'n Religieuse/godsdienstige/gewyde stemming.✓	(1)
3.7	Die mens/ek/jy/ons moet na aan God/'n Hoër Mag/die Opperwese leef. / Jy moet volgens godsdienstige riglyne leef.✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke boodskap aan.*	(1)
		[10]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG		
“eerste worp” – TT Cloete		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
4.1	Afrikane/inwoners van Afrika/Suid-Afrikaners✓	(1)
4.2	Die ontstaan van die aarde of heelal/die oerknal/die skepping van die aarde/skeiding van lig en donker (volgens die Bybel).✓ “oerrivierbeddings”/“fossielskreeu”/”primitiewe”✓	(2)
4.3	Paarrym✓ Die koeplet word deur paarrym saamgebind/die paarrym het ’n bindende funksie/die name “dante” en “bramante” word klankmatig aan mekaar gebind/paarrym is gepas vir ’n koeplet.✓	(2)
4.4	Dit dui op die kultuurrykdom (argitekte;skrywers/musici/skilders/ryk geskiedenis/kultuurerfenis)✓ sowel as die natuurrykdom (bevaarbare riviere/waterrykheid).✓ Alleenplasing/die strofe bestaan uit slegs een versreël.✓	(3)
4.5	Ja. Die woorde word deur die alliterasie/s-alliterasie klankmatig aan mekaar verbind / die oksimoron/skynbare teenstrydigheid/kontras/teenstelling word deur die alliterasie beklemtoon / die allitererende s-klank sluit klankmatig by “suisende” aan.✓	(1)
4.6	Die kontraste tussen Afrika/Suid-Afrika en Europa.✓	(1)
		[10]

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG		
“Naskrif” – DJ Opperman		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
5.1	Die (gewese) geliefde van die spreker.✓	(1)
5.2	“laaste brief”✓	(1)
5.3	Paarrym✓ en enjambement✓	(2)
5.4	Metafoor ✓ Die beeld is geslaagd omdat die klein papiertjies wat in die wind dwarrel/wegwaai letterlik soos vlieënde skoenlappers lyk/sterk aan vlieënde skoenlappers herinner.✓ Herhaling/repetisie/hiperbool/oordrywing ✓	(3)
5.5	Die verwydering/afstand tussen die twee geliefdes.✓ Ja. Die afstand word deur die meervoud beklemtoon.✓ *Kandidate kan nie nee as antwoord aanbied nie.*	(2)
5.6	<u>Verlore</u> liefde/<u>gebroke</u> verhoudings✓	(1)
		[10]
	TOTAAL AFDELING A:	**30**

AFDELING B: ROMAN

VRAAG 6: LITERÊRE OPSTEL

Die kandidaat bied ‘n gepaste inleiding aan.

- Greg is die protagonis, **want** as hoofseun van Lawson Kollege*(“Ek is hoofseun en-“ bl.48*) en vleuel van die eerste rugbyspan geniet hy hoë status. Akademies presteer hy baie goed en sy pa verwag van hom nege onderskeidings .
- Hy word finansieel bevoorreg groot in ‘n rykmanshuis in Sandhurst, **want** sy pa is ‘n mediamagnaat en sy ma gee vir hom baie sakgeld. *“Ietsie ekstra vir jou,” sê sy en haal ‘n klomp honderdrandnote uit haar handsak.” Bl.52*
- Sy ouerhuis is egter nie ‘n baie gelukkige plek nie, **want** sy pa is baie weg en sy ma “het ‘n behoefte om met iemand te praat” en bel hom baie. *“Eintlik kry ek haar jammer, want ek weet as ek my goed neersit, en sy help uitpak het, moet sy terugry Jo’burg toe. Na daardie groot huis in Sandhurst, waar sy bedags alleen gaan wees. Waar sy net die huishulpe en die televisie as geselskap sal hê…” bl.51*
- Volgens Greg se pa is Greg nog onverantwoordelik, **want** hy (Greg) het nog nie besluit wat sy planne vir die nuwe akademiese jaar gaan wees nie. *“Ek het beter verwag van jou,” praat hy met my asof ek een van die direkteure van Turret is. “Ruggraat! Kry een!” bl.48*
- Greg leef in die skadu van sy ouer broer, John, **want** hy was goed in alles wat hy doen en *“die meisies was mal oor hom”*.
- Greg beleef egter op ‘n jong ouderdom ‘n groot skok, wanneer sy broer selfmoord pleeg: Dit het die vrees vir die dood by hom veroorsaak, **want** hy is bang Nicole pleeg ook selfmoord. *“Ek moet sommer iets…iets doen, dan sal hulle jammer wees.” “Die woorde stop my soos ‘n vuishou in die maag.”* (bl.159)
- By die Tonnelritueel toon Greg aanvanklik groot selfvertroue, **maar** versag wanneer hy Eckardt uit die tonnel trek en Eckardt se gesig en oë hom aan John laat dink. *“Daardie manier van sy gesig draai, die uitdrukking in sy oë.” Alles presies net soos my broer s’n.”(bl.62)*
- Eckardt raak die gids wat hom in die onderwêreld aftrek, **want** hy laat hom koshuisreëls oortree: *“Kyk sommer in die yskas.” “Ek dink daar is nog twee biere.” bl.70*
- Greg is nie meer die goeie voorbeeldige skoolseun nie, **want** hy kom toenemend nie sy verpligtinge na nie. Hy druip sy eerste wiskundetoets, word uit die eerste span gelaat vir ‘n belangrike wedstryd en ‘n paar keer deur sy vriende en ander leerders *“loser”* genoem. Hy volg nie sy broer se voorbeeld van skolastiese en sportprestasies nie, maar kuberkrakery is sy adrenaliensport.
- Hy betrek hom ook by die onderwêreld van kuberkrakery: *“Kom ek wys jou.”“Ek is al ‘n ruk besig om hierdie een te try hack…*”Alhoewel Greg agteruitgaan wat

akademie/sport en skoolverpligtinge betref, ontwikkel hy selfvertroue in die onderwêreld van kuberkrakery, **want** ***"****Soos hy vorder, slaag hy eers die idiotetoets, raak groter uitdagings baas en sy selfvertroue vermeerder só dat hy vir hom 'n kubernaam, G-4ce, kies.* Dis egter in sy swakheid en in die onderwêreld van kuberkrakery dat hy sy **eie innerlike krag ontdek**.

- Greg kom in opstand teen die skool. Hy begin gesagstrukture bevraagteken, **want** hy besef instinktief dat die skool se hantering van Eckardt se verdwyning nie reg is nie en stuur 'n e-pos aan die koerant oor Eckardt se verdwyning.
- Hy dink aanvanklik aan die skool as "Heilige Grond", **maar** kom later tot die insig dat dit niks anders as 'n tronk is nie. *"Ek draai om en wys na die skool se sekuriteitsheinings wat plek-plek deur die bome breek. "Wat dink jy is dit dié?" bl.183.*
- Hy gaan op 'n missie om Dok en sy pa te ontmasker as skelms in die Project Nursery Rhyme, wat 'n griepvirus versprei en mense laat doodgaan: *"Die adrenalien pomp…veral toe hy sien dat hy Dok op sy rekenaar besig is."* Hy is dus nie so ruggraatloos soos sy pa hom beskryf het nie.
- Greg se konfrontasie met die dood en sy vrees daarvoor het gelei tot groei en die vorming van 'n eie identiteit, want Greg besef hoeveel hy Eckardt met John geïdentifiseer het en die gepaardgaande vrees vir die ervaring van nog 'n selfmoord. Hierin is selfs 'n les vir hom geleë: hoe om 'n mens te wees en die lewe aan te durf *"sonder 'n bulletproofbaadjie wat jou beskerm teen pyn en hartseer"* (bl.66).
- Hierdie vrees dra ook by tot Greg se innerlike stryd: *"aan die een kant wil hy sy pa gelukkig maak soos John sou*"(bl.75), maar aan die ander kant wil hy juis nie die soortgelyke druk ervaar en hanteer nie. Die vrees help hom om sy eie identiteit te vorm, **want** uiteindelik kom hy wel tot die besef dat hy nie in John se voetspore kan volg, of ooit sy pa sal tevrede stel nie (bl.153). Hy gee immers juis sy pa se hoë verwagting die skuld vir sy broer se selfmoord en verwerp daarom hierdie druk van *"Victor Ludorum tot in alle donnerse ewigheid"* (bl.174).
- Nadat die polisie hom weggeneem het na die polisiestasie op Bergville, toe neem sy lewe 'n positiewe wending, **want** hy gee sy samewerking (kan nie meer lieg nie) in verband met Dok. Sy ma neem hom na Clarens: *" Terwyl hy gaan stap, begin hy van voor af…" Hoe het ek nie hierdie jaar verander nie? Van die selfversekerde hoofseuns eerstespanspeler in rugby, na die loser wat nie meer verder kan lieg nie."* Bl.202
- Eckardt verskyn in Clarens weer agter hom, waar hy voor 'n winkelvenster staan en 'n bakleiery ontstaan, **maar** weens sy veranderde houding ervaar hy simpatie*"Watse woede lê in hom? Wat lê agter daardie vuishoue?" (bl. 216)*
- Hy ontwikkel insig, **want** hy besef dat *"geld hul gesin uitmekaar geskeur het". "Geld is wat ons gesin gemaak het, en geld is wat dit vandag gaan uitmekaarskeur."* (bl.222)
- Hy voel of hy wil huil soos sy pa nou huil. In hoofstuk 2 bl. 50 sê Greg vir Plank dat hy *"bullet-proof"* is, d.w.s dat hy gehard is en dat niks in die lewe hom sal

breek nie. Greg leer wel die les dat ’n mens nie teen alles gepantser/beskerm kan word nie; hy is nie so “bullet-proof”’ soos hy gedink het nie;nie teen die dood van sy broer wat hy wel leer aanvaar het nie, ook nie teen die ondergang van sy pa waaraan hy wel deeglik deel het nie.*“Ek het nie gehuil toe John dood is nie.” Bl.66 “Ek is toe nie so bullet-proof soos ek gedink het nie,” Nou eers kan hy huil. Vir sy pa, en ook vir John.” bl.225*

- Greg groei, **want** hy vergewe sy pa aan die einde van die verhaal. “Die besluit is ’n tawwe een, dus nie meer so ruggraatloos nie, maar dit is een waarby ek gaan hou. *Ek gaan weer probeer. ‘n Nuwe begin maak. Vir John. Vir my ma. En, ja, ook vir my pa.(bl.207)*
- Greg ontwikkel ‘n sin van verantwoordelikheid, hy is dis nie meer ruggraatloos soos sy pa hom vroeër beskryf het nie, **want** hy besef dat hy sy eie toekoms/sukses in die wiele gery het, maar nog die kans het om dit reg te stel. *“Ek het so ‘n gemors van alles gemaak, maar ek sal al hierdie goed agter my moet sit.” (bl. 206)*
- Greg probeer deurentyd sy ma beskerm en toon tekens van waardering teenoor haar, **want** hy verpes die ewige druk van sy pa, is sinies oor die magtige mediamasjien waarvan sy pa die hoof is, verkwalik sy pa vir sy ma se eensaamheid en onsekerheid, haat dit om sy pa se “skouperd” te wees, maar bly tog aanvanklik afhanklik van sy pa se goedkeuring, en vrees sy afkeer. Om daardie rede swig hy aanvanklik voor sy pa se dreigemente en gesag sodat hy, tot sy eie veragting, Dok Pienaar (die skoolhoof) om verskoning gaan vra vir sy opstandigheid. Die insig daag eers later dat hy nooit sy pa sal kan tevrede stel nie.
- Greg kom uiteindelik tot die besef dat dit tyd is vir grootword, **want** hy besef dat probleme nie net met geweld opgelos kan word nie. *“En demmit, ek wil nie, maar ek voel hoe ek begin hartseer word. Ek wil vloek. Maar ek wil ook sê ek is jammer. Ek wil my vuiste bal en hom slaan…” (bl.220)*
- Alhoewel Greg self vir ‘n ruk in die misdadige onderwêreld van kuberkrakery besig is, word hy nooit ‘n swart hoed nie, **want** hy weerstaan die versoeking om sy druippunt in wiskunde te verander. *“Maar dis Eckardt wat (bl.113) sê: “White hat or black hat?” En met al daardie woorde ruk hy my terug. Al wil ek ook. Al skree die rebel binne in my: doen dit net!”* Greg ontwikkel dus van skynheld in die begin tot werklike held wanneer hy verkeerde dinge by gesaginstellings soos die skool en sy ouerhuis aan die kaak te stel.
- Sy pa se snydende woorde oor sy gebrek aan ruggraat is ironies, **want** deur hulle aan die kaak te stel, wys hy dat hy ‘n ruggraat het, terwyl sy pa wat sy selfvertroue verloor, die teenoorgestelde wys.
- Hy het ook genoeg insig ontwikkel om simpatie vir Eckardt se omstandighede te hê en te besef waarom Eckardt hom sosiaal gemanipuleer het en hy doen selfs vir Eckardt ‘n goeie woordjie by die polisie.*“En ja, jy het my selfs begin sien as een van jou pelle. Een vir wie jy genoeg sou omgee om uiteindelik inligting van die polisie te weerhou.” (bl.215)*

- Vir die eerste keer na John se dood, noudat hy aktief as kuberkraker optree en bewustelik die reëls oortree, **voel dit vir Greg of hy lewe** (bl.193). Die beoefening van die kuberkrakery word die *"extreme sport"* soos wat John bedryf het (bl.197). Om in te dring in 'n webwerf van aanlynwinkels en deur die brandmuur te breek, word die *"mother of all challenges" (bl.199)*. Dit is hierdie gevoel van mag wat hom op hierdie pad voortdryf. Die aand met Eckardt se verdwyning, toe Greg se opleiding as 't ware voltooi is, slaag Greg die finale toets om tot die aanlynwinkel se webwerf deur te dring en al die kliënte-inligting tot sy beskikking, in sy mag, is
- Uiteindelik kom sy rebellie oënskynlik tot 'n einde wanneer hy moet buig voor 'n ander institusionele gesag, die polisie, wanneer hulle hom konfronteer met sy kuberkrakernaam, G-4ce (bl148). Dié herkenning van (en insig in) sy vals identiteit en die realiteit van waarmee hy besig is en was, is ook 'n **erkenning** dat sy verworwe mag nie sterk genoeg is teen dié van die groot sosiale instansies nie.
- Greg **besef sy magteloosheid** teenoor die groot sosiale instansies en sien as enigste oplossing juis die saamwerk met die gesagstrukture waarteen hy in opstand is, byvoorbeeld die saamwerk met 'n staatsaanklaer (bl.198), al maak dit van hom 'n groot *"loser"* (200). Hy besef ook dat hy juis gered kan word omdat hy nie te ver gegaan het met sy rebellie nie, alhoewel die moraliteit van sekere waardes tog deel bly van sy besluit: hoe anders sal die waarheid uitkom? (bl.203).

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

		[25]

VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG			
7.1	Hy probeer leidrade oor Eckardt se verdwyning kry./Hy wil probeer vasstel wat van Eckardt geword het.✓		(1)
7.2	Dit was die dag voor Eckardt se verdwyning en kan op die rede dui waarom hy verdwyn het./Daar is ’n direkte verband tussen sy verdwyning en die persone in wie se sisteem hy was./Die datum is insiggewend, want dit dui daarop dat die “hulle” moontlik vir Eckardt se verdwyning verantwoordelik is, want hy het die dag daarna verdwyn. ✓		(1)
7.3	7.3.1	Dit is die direkte woorde van Eckardt se blog. ✓ Hy wou Greg doelbewus op die spoor van Dok Pienaar (en sy pa) plaas, sodat hy (Greg) alles oor Project Nursery Rhyme kon uitvind./Hy wou hê dat Greg Dok Pienaar (en onwetend Greg se pa) moes ontmasker sodat hy/hulle tronk toe kon gaan./Hy wou wraak neem omdat Pienaar en Owen vir die verdwyning van sy pa verantwoordelik was./Hy wou hê hulle gesinne moes ook die pyn ervaar wat hy (Eckardt) as gevolg van hulle optrede teenoor sy pa moes ervaar. ✓✓ Enige TWEE.	(3)
	7.3.2	Die woorde is kursief gedruk./Die herhaling van “hulle weet”./Progressie – die drie sinne neem toe in intensiteit./Die sinne is kort om sodoende spanning te skep. ✓✓ Enige TWEE.	(2)
7.4	Vergelyking✓ Ja. Die beeldspraak beklemtoon of intensiveer die spanning/skok/vrees, omdat die beeld iets dreigends suggereer – die bloed, en dus die lewe, word uit sy hart gepers deur die vingers./Die beeldspraak beklemtoon die benouende ervaring van vrees/spanning/skok, omdat die “vingers” die bloed (of die lewe uit sy hart pers.) ✓ NEE as antwoord is nie ’n opsie nie		(2)

7.5	Hy meen dat Eckardt gedros het/van die skool af weggeloop het.✓ Hy tree aggressief op en pluk die seun rond.✓ Eckardt het sy verdwyning beplan/met voorbedagte rade uitgevoer, omdat hy wou hê dat Greg op sy eie van Project Nursery Rhyme moes uitvind nadat hy hom leer hack het./Eckardt het doelbewus uit die oog verdwyn, maar hy het Greg se vordering met die ontdekking van Project Nursary Rhyme voortdurend vanuit 'n afstand gemonitor./Eckardt het sy verdwyning fyn beplan, sodat Greg sy wraak op Dok Pienaar en sy pa kon voltooi deur hulle aan die kaak te stel/te ontmasker. ✓	(3)
7.6	Dit dui daarop dat daar ander of verdere inligting oor kuberkrakery ("hacking") is./Daar is nog inligting oor rekenaartegnologie op die blog./Dit impliseer dat daar verdere inligting is en skep dus afwagting of spanning. ✓	(1)
7.7	Dit is die diagram wat die personeel van die maatskappy, hier Project Nursery Rhyme, in volgorde van belangrikheid onder mekaar uiteensit./Dit is die diagram van al die poste wat in die organisasie bestaan./Dit dui al die mense aan wat by Project Nursary Rhyme betrokke is.	(1)
7.8	Eie mening, byvoorbeeld: Ja. Hy gee voor dat hy 'n eerbare, gesaghebbende skoolhoof is wat vir sy leerders omgee, maar hy kweek 'n virus wat duisende mense se lewens kan eis./Hy het voorgegee dat hy vir die rugbyspelers omgee, maar hy wou net hê dat hulle moes wen./Hy gee voor dat hy vir die leerders van die skool omgee, maar hy is meer gesteld op die skool se beeld en wil nie hê dat Eckardt se verdwyning in die media bekend moet raak nie.✓ NEE as antwoord kan nie aanvaar word nie.	(1)
7.9	Eckardt✓	(1)

7.10	In Teks A is Greg op soek na redes vir Eckardt se verdwyning✓ en in Teks B lig Eckardt vir Greg in dat hy doelbewus verdwyn het sodat hy Greg kon gebruik om Dok Pienaar en sy pa te ontmasker. ✓ of In Teks A kom Greg op die eerste bewyse van Dok Pienaar se betrokkenheid by PNR af✓ en in Teks B verduidelik Eckardt aan Greg dat sy pa ook by die projek betrokke was. ✓ BEIDE kante van die saak moet aangedui word – ken 2 punte of 0 toe.	(2)
7.11	Hy moes inligting oor die virus aan die media bekendstel sodat dit paniek (vrees) kon veroorsaak en die mense sodoende sou aanspoor om die teenmiddel te koop. ✓ Sy maatkappy, Turret Media, was bankrot en die skema sou vir hom geld inbring om sy besigheid te red.✓ 'n Viroloog/die persoon (professor/dokter) wat die virus moes kweek en die teenmiddel moes kweek. ✓	(3)
7.12	Hy het 'n anonieme e-pos na die koerant gestuur om hulle in te lig oor Eckardt se verdwyning. ✓ Nee. Sy pa het die e-pos onderskep en die saak met Dok Pienaar bespreek./Sy pa het van die e-pos te hore gekom en Greg gedwing om Dok Pienaar om verskoning te vra. ✓	(2)
7.13	Die alleenplasing is geslaagd, want die beklemtoon die intensiteit van Greg se vrees/gewaarwording/emosionele toestand toe hy begin besef dat Eckardt hom gebruik het om ook sy pa te ontmasker./Dit is geslaagd, want Greg se ervaring van die intense vrees word so van die dialoog tussen hom en Eckardt geskei en word sodoende beklemtoon.✓ (Enige EEN) EN Die paragraaf is 'n herhaling van die beskrywing in die eerste paragraaf van die proloog – Greg ervaar nou presies dieselfde emosies as wat Eckardt ervaar het./Die paragraaf bind die proloog aan die afloop van die roman en dit verhoog die spanning.✓	(2)
		[25]
	TOTAAL AFDELING B:	**25**

AFDELING C: DRAMA

VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL

Die kandidaat bied ’n gepaste inleiding aan.

- **Cyril en Richie** is vriende. Richie is Cyril se agterryer en beaam alles wat hy sê.
- Hulle raak egter ‘n paar keer oor die kerrimbord aan die stry, veral as Cyril gefrustreerd raak omdat Richie nie op die spel konsentreer nie.
- Die konflik bereik ‘n klimaks as hulle oor Blanchie aan die stry raak en dit duidelik word dat Richie ook ‘n “crush” op haar het.
- In al die gevalle kapituleer Richie en in laasgenoemde geval sê hy : “Los my yt, wat neuk julle moet my”, waarna hy sy kerrimstok neersmyt en loop.

- **Cyril en Tommy** raak ook ‘n keer of wat slaags oor Blanchie, omdat Tommy van haar hou en nooit iets wil hoor wat haar in ‘n slegte lig stel nie.
- Tommy skerm altyd dat wat Blanchie doen, nie hulle besigheid is nie, waarop Cyril persoonlik raak en sê dat Tommy iemand is “wat al die biesageite like wat never like sy biesagheit is nie.”
- Hy sê self direk vir Tommy dat hy ‘n skinderbek is en as dit by meisies kom, hy in elk geval nie het wat dit vra nie. Hy waarsku Tommy dat Map nie daarvan sal hou da hy ‘n sagte plekkie vir Blanchie het nie.
- Tommy reageer gewoonlik in hierdie situasie van verbale konflik deur sy armbande en ringetjies op te vryf en hom nie verder aan Cyril te steur nie.

- **Cyril en Cavernelis –** Cyril soek skoor met Cavernelis en gebruik die ekstra inkomste as invalshoek.
- Hy beskuldig Cavernelis daarvan dat hy nie die mense in die area vertrou nie en spot met sy taalgebruik. Hy raak fisies (klop die ouer man op die skouer) en slaan op die tas wat agter op die fiets vasgemaak is.
- Hy maak doelbewus afleidings wat op konflik kan uitloop, bv.: “Jy moenie dink ons is stupid hierso nie. Ons het ook ammal geleer in die skool, okay.”
- Dan raak hy geniepsig en begin Cavernelis konfronteer met die feit dat hulle neerkyk op ander en geldbehep is.
- Hiermee sny hy ook sommer die Cavernelisse se vriendskappe oor die kleurgrens aan.
- Dan kom hy tot die punt. Hy sê vir Cavernelis dat hy dit nie teen Blanchie het nie, maar teen Cavernelis, omdat hy sy eie vlees en bloed misbruik oor geld.
- Hiervoor het hy die grootste minagting. Cavernelis reageer heftig hierop en skreeu half huilend dat Cyril hulle moet uitlos.
- Dit laat Maud op die balkon verskyn, wat die konflik laat afplat. Sy roep hom na binne.
- As dit duidelik word dat die konflik ineengestort het, kry Cyril figuurlik gou nog ‘n paar houe in. Hy wens Cavernelis ironies ”health, wealth and happiness … and

living like real persons" toe. • Hy lig Cavernelis tweedens geniepsig in dat Map Jacobs uit die tronk vrygelaat gaan word op parool, wat Cavernelis in sy spore stuit. Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.	
	[25]

VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG		
9.1	(Die) Kaapse Vlakte✓	(1)
9.2	Die tema van bevryding. ✓ Hy word wel aan die einde van die drama van die neerdrukkende omstandighede bevry, ✓ maar (ironies) deur sy dood. ✓ of Cavernelis word deur sy dood van die omstandighede bevry, ✓ maar deur sy selfdood hou hy steeds sy gesin, vir wie se bevryding hy hom beywer het, op die Kaapse Vlakte gevange. ✓	(3)
9.3	Ja. Hulle is leeglêers en speel die hele dag kerrim, terwyl Cyril en sy agterryer, Richie, nooit 'n kans laat verbygaan om die Cavernelisse verbaal te terroriseer (te "moveer") nie. ✓ of Nee. Hulle is uitgelewer aan hulle omstandighede en dit is nie hulle skuld dat daar geen werk beskikbaar is nie. ✓ of Nee. Maud het nie die reg om ander te verkleineer of te verag nie, veral nie as haar man toelaat dat sy dogter haar aan prostitusie skuldig maak nie. ✓ *Aanvaar ook ander soortgelyke motiverings*.	(1)
9.4	Sy is baasspelerig/oorheersend✓ Sy sê aan Cavernelis hy het nooit "gekan enigiets nie", met ander woorde sy sê aan hom dat hy 'n mislukking is.✓ Met hierdie woorde misken sy Cavernelis se lewensdoel en harde werk om ordentlik vir hulle te sorg en hul omstandighede te verbeter. ✓ of Kort na hierdie woorde beëindig Cavernelis sy lewe – sy vrou se verwyt het dus tot hierdie daad van hom bygedra.✓	(2)

9.5	Hy suggereer dat om soos “real persons” te leef nie maklik gaan wees nie/dat dit onmoontlik gaan wees om soos “real persons” te leef/dat daar nie eintlik hoop is dat Cavernelis en sy gesin ’n beter lewe sal kan hê nie/uit die omstandighede sal kan ontsnap nie. ✓ La Guma sê aan Cavernelis dat die tronk sterk is en impliseer dat die tralies dik/sterk is, met ander woorde bevryding is (bykans) onmoontlik: “Maar ’is ’n sterk tronk dié. Kyk, die tralies!”✓ (*Die aanhaling word nie vir die punt vereis nie!*) Blanchie se hoop om as model in Parys te werk, spat aan skerwe wanneer die brief aandui dat sy nie die kontrak gekry het nie. ✓	(3)
9.6	Dit skep spanning by die leser of teaterganger – daar word onmiddellik gewonder wat volgende gaan gebeur. ✓ of Dit is die spreekwoordelike stilte voor die storm voordat Cyril skielik die bom oor Map Jacobs se vrylating laat bars – hy weet hoe Cavernelis oor Map Jacobs voel. ✓	(1)
9.7	Die Cavernelisse sien neer op hulle en distansieer hulle van die res van die gemeenskap. ✓ Cavernelis laat sy dogter deur ander misbruik om sy doel tot ’n beter lewe te bereik. ✓ *Aanvaar ook ander spesifieke redes.*	(2)
9.8	Map Jacobs is tronk toe omdat hy ’n gewelddadige moord gepleeg het in die hitte van die oomblik✓ – Cavernelis is dus bang en onseker oor hoe Map gaan reageer as hy van Blanchie hoor, veral omdat hy nog onbewus van Map se bekering is.✓ of Map en Cavernelis was geswore vyande voor Map tronk toe is✓ en Cavernelis is nou bang vir Map se optrede, juis omdat hy hom as gevaarlik beskou en Cavernelis nie die verhouding tussen Map en Blanchie goedgekeur het nie.✓ of Enige pa sal vreesbevange wees as die misdadiger wat ’n verhouding met sy dogter gehad het, vrygelaat word✓, aangesien hy wraak kan neem of weer by sy dogter betrokke kan raak. ✓ *Aanvaar ook enige ander soortgelyke motivering.*	(2)

9.9	Voor sy tronkstraf tree Map onverantwoordelik en sonder selfbeheersing op (hy steek Ivan Philander dood) wanneer iets gebeur wat hom ontstel (Ivan Philander het sy suster verwurg), maar hier is Map in staat om homself te beheer by die aanhoor van Blanchie se skokkende lewenswyse. ✓ of Hy is nou in staat om Blanchie te vergewe, omdat hy besef dat hy ook foute begaan het – voor sy tronkstraf sou hy baie onverantwoordelik opgetree het. ✓ (*Die karakterontwikkeling moet duidelik uit die antwoord blyk – dus beide kante: voorheen en teenswoordig*.)	(1)
9.10	Hy druk daarmee sy bewondering vir Blanchie se "prestasie" uit./Hy wil Mat duidelik laat besef dat daar met die "opkom" van die township rekening gehou moet word. ✓	(1)
9.11	"... ek't gehoor dit wás daarin ..." ✓ of "... selwers het ek 'it nie gesiet nie ..."✓ of "... ek't gehoor dit wás daarin, maar selwers het ek 'it nie gesiet nie ..."✓	(1)
9.12	Hy is skynheilig/agteraf/'n manteldraaier/'n tweegesig/'n rugsteker.✓ (*Nie "skinderbek" nie, aangesien dit nie op reël 11 van Teks C van toepassing is nie – die karaktereienskap moet uit beide teksgedeeltes afgelei word.)* In reël 11 van Teks C tree Tommy vir Cavernelis in die bresse in sy teenwoordigheid asof hy simpatie met hom het, ✓ maar in Teks D huiwer hy nie om Cavernelis in sy afwesigheid by Map te beswadder nie/van hom te skinder nie. ✓	(3)
9.13	Hy smous daarmee/verkoop dit om 'n inkomste te verdien. ✓	(1)

9.14	Tragedie: Cavernelis pas selfdood toe./Cavernelis laat sy gesin in die steek deur hulle as gevolg van sy selfdood aan die uitsigloosheid van hul bestaan vas te kluister./Ten spyte van sy bekering en goeie voornemens, kry Map steeds nie werk nie en kan hy steeds nie uit sy omstandighede ontsnap nie. ✓ (*Enige EEN*.) Blydskap: Antie Grootmeisie herwin haar spraak en die verhouding tussen haar en Map word herstel – sy vergewe hom. Blanchie en Map vergewe mekaar en kan saam aan 'n toekoms – alhoewel nog onseker – bou.✓ (*Enige EEN*.)	
	TOTAAL AFDELING B:	**25**

AFDELING C: DRAMA

VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan

- Mis word as bemesting gebruik, want oral in die erf van Miem-hulle lê daar verskillende mishope. Miem en haar dogter, Meisie, maak goiingsakke om die mis te verpak en te verkoop om aan die lewe te bly. Behalwe dierlike mis, word daar ook verwys na menslike ontlasting – die kleinhuisie en slopemmer dui daarop.
- Die slopemmer het 'n belangrike rol in die drama, want die Konstabel gebruik die kans om met Meisie te praat wanneer sy die emmer gaan leegmaak in die kleinhuisie.
- Mis kan ook 'n mistigheid beteken wat sig belemmer. In hierdie geval is dit nie die fisiese mis nie. Miem en Gertie kon simbolies nie die werklikheid sien nie. Soos die Engelse spreekwoord lui: "Their judgement was clouded".
- Hier verwys die drama na hulle wat hul blind staar teen die werklikheid. Die episode met die naald en garing, waar Miem nie kan ryg nie a.g.v. haar swak sig, is ook 'n voorbeeld van Miem wat nie kan insien dat sy 'n fout gemaak het deur die Konstabel in te laat nie, onwetend wat later gaan gebeur nie. Sy het die onheil wat buite broei, binnegelaat.
- Die uitdrukking "jy het dit mis" word in die drama gebruik. Dit verduidelik dat hulle dit verkeerd verstaan.
- Die vroue is bang en hul weet nie waarvoor hul eintlik bang is nie. Hul spekuleer oor dinge wat moontlik kan gebeur.
- Intussen dink hulle die Konstabel is daar om hulle veilig te hou, terwyl die onheil buite broei. Die vroue het dit egter mis oor die konstabel se edel bedoelings en Meisie se veiligheid. Hierdie betekenis van mis sluit aan by die motief van blindheid – om dinge mis te kyk.
- Die slopemmer wat gestort het, simboliseer die besmetting van die menslike bestaan. Meisie se lewe is 'n voorbeeld hiervan – sy word ingekluister deur

Miem.

- Mis kan ook religieuse konnotasies hê. Al die meisies het voorstellingsrokke gedra en was kaalvoet. Dit kan as die Katolieke Heilige Mis gesien word – die kerk.
- Die konstabel met sy simpatieke oor en magnetiese aantrekkingskrag, wen die vroue se vertroue en hulle bieg teenoor hom soos teenoor 'n Rooms-Katolieke priester.
- Meisie bely die opwinding van haar sirkusbesoek. Gertie openbaar haar sensuele sy en Miem bieg oor haar hunkering na 'n man.
- As die konstabel vir Meisie sê "kniel nou. Reg voor my", is hy soos 'n priester wat 'n biddende persoon seën.
- Gabriël se naam word ook genoem in 'n Christelike konnotasie – die engel Gabriël.
- Die meisies wat ver**mis** geraak het, sluit ook by die titel aan. Die feit dat die konstabel met vermiste persone werk, is ook sentraal tot die drama.
- Dan is daar ook verlange. Miem is nou vir sewe jaar al, sedert die Groot Depressie, van haar man geskei. Daardie verlange om hom weer te sien, kom baie in die drama voor.
- Dan is daar Meisie se verlange na haar jonger dae, na die sirkus waarvan sy gehou het, die verlange dat iemand vir haar sal kom kuier, maar niemand wil nie a.g.v. die mis.
- Gertie mis 'n liggaamlike verhouding met 'n man.
- Meisie verlang na 'n lewe van opwinding waarin sy as individu waardeer word.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

		[25]

VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG		
11.1	Hy wil haar van haar inhibisies bevry. Hy wil haar van haar verstokte oujongnooibestaan en seksuele frustrasies bevry. ✓	(1)
11.2	"stadig"/"streel"/"ekstaties"/"ekstase" ✓✓ Enige TWEE.	(2)
11.3	Hy skep 'n duidelike kontras/verskil tussen tant Hannie en Gertie. ✓	(1)
11.4	Ja Hy laat Gertie momenteel van haar vervelige alleenbestaan vergeet en laat haar aantreklik en begeerlik voel✓ – dit bied vir haar ontsnapping van die saai werklikheid. ✓ Nee. Hy lei haar doelbewus om die bos om haar vertroue te wen – hy tree dus oneties op, omdat hy nie eerlik is teenoor haar nie✓; hy misbruik haar eintlik om sy uiteindelike doel te bereik. ✓ Aanvaar enige SOORTGELYKE motivering.	(1)
11.5	Sy verkeer in 'n droomwêreld/sy het tred met die werklikheid verloor/sy is volkome onder die beheer van die konstabel. ✓ Enige EEN. "beswyming" ✓	(2)
11.6	Gertie begeer wel om 'n man te hê, maar sy is nie aantreklik/sensueel genoeg om begeer te word nie/daar is geen man wat in haar belangstel nie. ✓	(1)
11.7	Dit verwys na die verdwyning van die twee meisies tydens die besoek van die sirkus. ✓ Hulle is onbewus daarvan dat die konstabel nie is wat hy voorgee om te wees nie en (moontlik) verantwoordelik was vir die verdwyning van die meisies✓, die gevaar is dus nie buite nie, maar binne. ✓	(3)

11.8	Gabriël/haar man. ✓ Hy het die familieplaas in die Groot Depressie verloor✓ en hom op die solder afgesonder. ✓ BEIDE feite vir EEN punt. Hy is selfsugtig/nie in staat om die werklikheid in die oë te staar nie/gee nie om dat sy vrou en dogter ly nie/tree onverantwoordelik op. ✓	(4)
11.9	Hartseer. ✓ Sy hunker na seksuele vervulling/na die nabyheid van haar man. ✓ Sy probeer die konstabel aan haar dogter afsmeer met die hoop dat Gabriël sal afkom as Meisie (met die konstabel) trou. ✓	(3)
11.10	Hy verander in 'n hofnar. ✓	(1)
11.11	Sy wil nie die sirkusmusiek waarteen haar ma haar altyd waarsku, hoor nie. ✓ "... haal sy haar hande van haar ore af..." ✓	(2)
11.12	Dit sluit by die manipulering van die konstabel aan – ook die sogenaamde bevryding is nou niks anders as manipulasie deur die konstabel nie; ✓ hy beheer haar soos 'n marionet. ✓/Dit maak Meisie se bevryding ironies (✓) – Meisie word nou volkome deur die konstabel beheer soos wat die marionetmeester sy poppe beheer.(✓)	(2)
11.13	Die titel verwys onder andere na die vermiste meisies. ✓ Aan die einde verdwyn Meisie ook wanneer sy by die deur uit die nag in dans. ✓	(2)
		[25]
	TOTAAL AFDELING C:	**25**
	GROOTTOTAAL:	**80**